

Dit gaan goed met die mens ... wat sy sonde bely

Moet nooit jou sondes vir die Here probeer wegsteek nie. So raak jy nie van jou sondes en jou skuldgevoelens oor jou sondes ontslae nie. Dit bied geen oplossing nie. Deur jou sondes weg te steek, probeer jy wegvlug van die Here af. Met so 'n mens gaan dit sleg.

Die Here is almagtig en alsiende. Die Here weet alles en Hy sien alles, want Hy is soos 'n skaduwee aan jou regterhand. Die regte ding om te doen, is om jou sondes voor die Here te bely; om op jou knieë te gaan en eerlik met die Here te wees sonder om doekies om te draai. Dit gaan goed met die mens ... wat sy sondes voor die Here bely. Vlug met jou sondes na die Here toe.

Om jou sondes eerlik en opreg voor die Here te bely, nadat jy daarmee voor Hom geworstel het, is om verlos te word van 'n swaar gewig wat op jou skouers lê, want die Here neem dit weg. Jy hoef dit nie self af te gooi nie. Hy neem dit volkome weg asof jy dit nooit gedoen het nie. By Hom alleen is daar vergiffenis. Sulke mense is geseënde mense (Ps 32:1, 2; Rom 4:7, 8). Dit is die groot wonder van Jesus Christus wat vir ons aan die kruishout gesterwe het. Hy het ons sondes op Hom geneem, maar eers moet jy dit opreg bely.

Het jy al jou sondes voor die Here bely, of steek jy dit weg? Bely dit vandag nog voor die Here! Jy sal 'n ander mens wees. Glo dat Hy dit sal vergewe.

Sing: Psalm 32:1 (Totius of Cloete)

Ds. Pieter van der Walt (Bethlehem)